# DIE ONDERSKEID TUSSEN HOOF- EN MEDEWERKWOORDE

J.P. BOTHA

## 1. DIE HIËRARGIE VAN MEDEWERKWOORDE

Een van die sinspatrone van Afrikaans lyk sō:

Hy sal die kêrel moet roep.
o 1 v 2 w

Hier dui o op onderwerp van die sin, v op voorwerp van die sin en w op werkwoord, terwyl 1 en 2 enersyds op bykomende, werkwoordelike elemente, en andersyds op hul volgorde dui.

Om die sintagmatiese verhouding tussen w en die bykomende, werkwoordelike elemente te bestudeer, asook die verhoudings tussen die bykomende, werkwoordelike elemente onderling, maak ek gebruik van die kunsmatige, uitgebreide sin:

A. Hy |sal| die kêrel moet behoort te kan wil gaan begin roep.
|a| b

Een van die eerste dinge wat 'n mens hier opval, is dat al die elemente wat ek met b aandui, kan wegval sonder dat die sin ongrammaties word, bv.

Hy sal die kêrel roep.

Die tweede interessante feit is dat ek één, of enige kombinasie van dié elemente kan weglaat sonder dat die sin ongrammaties word. Vergelyk:

Hy sal die kêrel moet ____ kan wil gaan ____ roep.
Hy sal die kêrel ____ behoort te ____ wil gaan ____ roep.
Hy sal die kêrel moet ____ ____ ____ begin roep.
Hy sal die kêrel ____ ____ ____ wil ____ ____ roep.

Die derde interessante feit is dat hierdie werkwoordelike elemente nie plekke kan ruil nie, dit wil sê dat hul volgorde betreklik vas is. Vergelyk:



× Hy sal die kêrel kan behoort te moet wil .... roep.
× Hy sal die kêrel moet ...... begin gaan wil roep.
× Hy sal die kêrel wil behoort te kan moet ..... roep.
× Hy sal die kêrel begin gaan wil kan moet ..... roep.

Die werkwoordelike element wat in posisie a optree, vervul 'n besondere rol, naamlik dat dit hier as verbindwerkwoord optree (vergelyk Ponelis, 1968). Met hierdie term word daar nie verwys na 'n sekere klas werkwoorde nie, maar na die spesifieke posisie (in hierdie tipe sin) waar daar altyd 'n werkwoord moet optree. Die verbindwerkwoord verbind die onderwerp van die sin met die werkwoordstuk van die sin. Uit die volgende voorbeeld, waarin ons slegs sal uit sin A weggelaat het, blyk dit dat die verbindwerkwoordposisie nie "leeg" gelaat kan word nie:

× Hy ____ die kêrel moet behoort te kan wil gaan begin roep.

Ons merk dadelik op dat ons met 'n geringe aanpassing die ×-sin weer tot grammatiese sin kan herstel:

Hy moet die kêrel ____ behoort te kan wil gaan begin roep.

Die eerste werkwoordelike element van die reeks regs van die voorwerp het na links verskuif om die verbindwerkwoordposisie te vul.

Gestel ons sou nou hiérdie werkwoordelike element weglaat, dan sou ons weer eens 'n ×-sin hê, omdat die verbindwerkwoord ontbreek. Weer eens kan ons nou die eerste werkwoordelike element van die reeks regs van die voorwerp na links verskuif om die verbindwerkwoordposisie te vul:

Hy behoort die kêrel ____ ____ te kan wil gaan begin roep.

(In Afrikaans kom daar nooit[1] meer as één item in die verbindwerkwoordposisie voor nie.

1) In 'n latere artikel bespreek ek die uitsonderings.

Dus:

| | | |
|---|---|---|
| Hulle | behoort | die man te .... |
| Hulle | behoort | te weet dat .... |
| Sy | sit | die boek en lees. |
| Sy | sit | en lees |

Selfs by deeltjiewerkwoorde (Ponelis, 1968) tree slegs die werkwoordelike gedeelte van die werkwoord in die verbindwerkwoordposisie op:

| | | |
|---|---|---|
| Die tuinier | spit | die tuin om. |
| Frans | kap | die tak af. |

Vergelyk: Die tuinier sal die tuin omspit.
Frans sal die tak afkap.)

Word dié proses herhaal, is die resultaat:

Hy kan die kêrel ___ ___ ___ wil gaan begin roep.

Hy wil die kêrel ___ ___ ___ ___ gaan begin roep.

Hy gaan die kêrel ___ ___ ___ ___ ___ begin roep.

Hy begin die kêrel ___ ___ ___ ___ ___ ___ ___ roep.

B. Hy roep die kêrel ___ ___ ___ ___ ___ ___ ___ ___.

In sin B (en ook in A) kan roep nie weggelaat word nie, want dan is die resultaat nie meer 'n sin nie. Werkwoorde wat in so 'n sin optree soos roep in hierdie voorbeelde, noem ons hoofwerkwoorde, terwyl die ander wat, soos in die voorbeelde hierbo, "uitgeryg" kan word, medewerkwoorde genoem word. (Die proses wat ek bo probeer verduidelik het, noem ek voorlopig uitrygproses.)

Hierdie proses kan natuurlik omgekeer word en ons kan B weer "terugontwikkel" tot by A deur telkens 'n medewerkwoord in die sin in te lyf. Ons merk dadelik op dat roep



(dit wil sê die hoofwerkwoord) weer in die finale posisie te staan kom sodra 'n tweede werkwoord bykom:

× Hy roep die kêrel begin.

maar C. Hy begin die kêrel .... roep.

Gestel dat ons eers wil in sin B wil inlyf, dan is die resultaat:

D. Hy wil die kêrel roep.

Weer eens beland roep in die finale posisie, terwyl die medewerkwoord wil in die verbindwerkwoordposisie te staan kom.

Gestel dat ons nou begin in sin D wil inlyf, dan vind ons dat begin nie in die verbindwerkwoordposisie kan staan nie, maar wel net vóór roep. Dit wil sê:

× Hy begin die kêrel wil roep.
maar Hy wil die kêrel begin roep.

Op dieselfde wyse vind ons dat kan ná moet kan optree:

× Hy kan die kêrel moet wil begin roep.
maar Hy moet die kêrel kan wil begin roep.

Dit wil dus voorkom dat daar tussen die medewerkwoorde 'n vaste hiërargie bestaan; vergelyk sin A.

In hierdie stadium kan ons 'n klompie afleidings maak, naamlik:

1.1. 'n Werkwoord (soos roep bo) wat 'n nie-opsionele moment van 'n werkwoordstuk uitmaak, is 'n hoofwerkwoord in die betrokke geval.

1.2. 'n Werkwoord wat soos sal, moet, kan, ens. in bestaande sinne optree, is 'n medewerkwoord vanweë die feit dat dit 'n opsionele moment van die werkwoordstuk is.

1.3. Die verbindwerkwoordposisie (a in A) in 'n stelsin moet deur 'n werkwoord gevul word. Dit sal ook die

posisie van die hoofwerkwoord wees as daar slegs een werkwoord in die sin voorkom.

1.4. Indien 'n tweede werkwoord in die sin ingelyf word, verskuif die hoofwerkwoord na die posisie aan die einde van die sin, terwyl die tweede werkwoord in die verbindwerkwoordposisie te staan kom.

1.5. Indien meer as een bykomende werkwoord in die sin in=gelyf word, moet die hiërargiese volgordereëls (ver=gelyk sin A) eerbiedig word.

1.6. Dit impliseer dat sal in dergelike sinne slegs in verbindwerkwoordposisie kan optree.

1.7. Die medewerkwoorde wat in so 'n sin voorkom, en wat nie in die verbindwerkwoordposisie staan nie, kan almal gelyktydig, één op 'n keer, of in enige kombi=nasie met mekaar weggelaat word uit die sin.

1.8. Om 'n vakante verbindwerkwoordposisie te vul, moet die hiërargiese volgordereëls eerbiedig word.

## 2. KLASSIFIKASIE VAN MEDEWERKWOORDE

E. Hy sal die spinasie moet leer eet.

In afdeling 1 het ons sewe medewerkwoorde in sin A gebruik. Een van die werkwoorde wat nie oorweeg is nie, is het, soos in

Hy het die spinasie geëet.

Indien het in sin E ingelyf word, is die resultaat:

F. Hy sou die spinasie moet leer eet het.

(Sal en sou is verskillende vorms van dieselfde werkwoord.)

Dit is opvallend dat het ná die hoofwerkwoord in die sin verskyn. Omdat het opsioneel is ($F \Longrightarrow E$), is dit natuurlik ook 'n medewerkwoord soos sal, moet, ens.

Sodra het in so 'n sin optree, kan ons verwag om ge- by een van die ander werkwoorde teë te kom, en as dit tog nie in die



sin voorkom nie, kan ge- wel iewers ingevoeg word sonder om die sin ongrammaties te maak. Vergelyk:

× Hy gesou die spinasie moet leer eet het.
× Hy sou die spinasie gemoet leer eet het.
Hy sou die spinasie moet geleer eet het.
× Hy sou die spinasie moet leer geëet het.

Let veral daarop dat ge- in verbinding met die hoofwerk=woord hier 'n ongrammatiese sin tot gevolg het. Anders as wat verwag sou word, kan ge- dus hier nie by die hoofwerk=woord optree nie, maar wel by 'n voorafgaande medewerkwoord.

Dat leer homself hierdeur van die ander werkwoorde in die sin onderskei, blyk duidelik daaruit dat die hoofwerkwoord wel met ge- kan optree, sodra leer uit die sin weggelaat word:

× Hy gesou die spinasie moet eet het.
× Hy sou die spinasie gemoet eet het.
Hy sou die spinasie moet geëet het.

Die medewerkwoord leer onderskei hom dus van die ander medewerkwoorde deurdat hy

(i) tussen die hoofwerkwoord en 'n ander medewerkwoord kan staan, en

(ii) met ge- kan verbind as het in die sin optree.

Medewerkwoorde met hierdie kenmerke word skakelwerkwoorde genoem vanweë die feit dat hulle as "skakel" kan optree tussen hoofwerkwoord en voorafgaande medewerkwoord(e). (Vergelyk Grondtrekke, bl. 45 e.v.).

### 2.1. Skakelwerkwoorde

Hy moes na die golwe kon gelê en kyk het.
Ons sou kon aangehou werk het.
Hulle sou die man wou gekom help het.
Hulle sou die man wou gehelp werk het.

(Let op dat ge- dikwels weggelaat word in sommige van dié voorbeelde.)

Die noue verband tussen hoofwerkwoorde en skakelwerk=woorde blyk onder andere daaruit dat laasgenoemde dikwels as hoofwerkwoorde in sinne voorkom:

Hulle sal die man help werk.
Hulle sal die man help.

Die kampioen moet kan aanhou oefen.
Die kampioen moet kan aanhou.

By nadere ondersoek blyk dit verder dat skakelwerkwoor=de in kombinasie met ander skakelwerkwoorde kan optree. In dié proses moet die skakelwerkwoorde se eie hiërar=giese volgordereëls eerbiedig word. Teoreties is dit moontlik om die volgende sin voort te bring:

Hy sal die bal kom probeer begin
aanhou staan en slaan.

Sodra het ingelyf word, kan ge- met kom verbind:

G. Hy sou die bal gekom probeer begin
aanhou staan en slaan het.

Dus is kom hier 'n skakelwerkwoord. Sodra kom uit dié sin weggelaat word, kan probeer met ge- verbind:

Hy sou die bal geprobeer begin aanhou
staan en slaan het.

(Let wel. Die byvoeging van ge- is in baie gevalle vir sprekers onnodig of klink selfs ongrammaties, maar sodra ge- werklik op die verkeerde plek te staan kom, is dit duidelik wat met ongrammaties bedoel word. Daarom beweer ek dat ge- altyd by één van die werk=woorde bygevoeg kan word sonder om die sin ongrammaties te maak.)

Dus is probeer ook 'n skakelwerkwoord.

Op dieselfde wyse sal aangetoon kan word dat sodra probeer weggelaat word begin ge- kan neem, ná begin aanhou en ná aanhou staan en.



In die voorbeeldsin het ons dus vyf skakelwerkwoorde:

| (ge)kom | probeer | begin | aanhou | staan en | slaan. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |

Die eerste een van die ry skakelwoorde kan dus die ge- neem, terwyl die ander werkwoorde tussen dié werkwoord en die hoofwerkwoord ook almal skakelwerk=woorde moet wees. Die syfers dui verder die vaste volgorde aan waarin dié werkwoorde kan optree.

2.2. Hulpwerkwoorde

Alle medewerkwoorde in die voorbeelde hierbo wat nie as skakelwerkwoorde optree nie, is hulpwerkwoorde.

Soos reeds geblyk het uit sin F, onderskei het hom van die ander medewerkwoorde daardeur dat dit, as dit nie in die verbindwerkwoordposisie optree nie, in die posisie ná die hoofwerkwoord optree. het is, benewens hulpwerkwoord, dus hulpwerkwoord van tyd. Dit word gebruik om na die verlede tyd te verwys.

Die oorblywende hulpwerkwoorde word nou modale hulp=werkwoorde genoem. (Vergelyk Grondtrekke, bl. 47 e.v.)

2.3. Algemene opmerkings

Die proses wat ek hierbo beskryf het en waardeur sin A uiteindelik sin B geword het, noem ek die uitryg=proses.

Een toets vir skakelwerkwoorde is die ge-toets wat hierbo beskryf is. 'n Tweede toets is natuurlik die het-opskuif-toets. Vergelyk:

H. Hy sou die bal moet kon kom
aanhou staan en slaan het.

Sou die uitrygproses op sin H toegepas word, vind ons dat eers sou, dan moet en daarna kon weggelaat kan word uit die sin. Maar skuif ons dan kom op tot ver=bindwerkwoordposisie is die sin ongrammaties:

× Hy kom die bal aanhou staan en slaan het.

Sou ons egter het, in plaas van kom, opskuif, is die sin grammaties korrek:

Hy het die bal aan(ge)hou staan en slaan.

Daarná kan die uitrygproses dan normaalweg voortgaan.

Hierdie feite maak dit dus duidelik dat alle hulpwerkwoorde uitgeryg moet word voordat skakelwerkwoorde aan die beurt kan kom. In 'n sin waar het (as hulpwerkwoord van tyd) optree, is dit dus net nodig om die uitrygproses voort te sit totdat dit nodig is om het op te skuif, om te weet watter werkwoord(e) skakelwerkwoorde is. Vergelyk:

Hulle sou die brief moet kom probeer lees het.
Hulle moet die brief ___ kom probeer lees het.
Hulle het die brief ___ kom probeer lees ___

Dus is kom en probeer hier skakelwerkwoorde.

Ter wille van die moontlike volgorde van die medewerkwoorde in sinne word die volgende hipotetiese sin gegee:

Ons sou die All Blacks moet behoort te mag kon wou bly probeer begin aanhou staan en klop het.

Hiërargies lyk dit tans vir my of die volgende paradigmas moontlik bestaan:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| sal | moet | behoort te | mag | kan | wil | kom |
| sou | moes | hoef te | | kon | wou | gaan |
| | | durf te | | | | bly |

| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
|---|---|---|---|---|
| probeer | begin | aanhou | staan en | het |
| | | ophou | loop en | |
| | | | sit en | |
| | | | lê en | |

In hierdie artikel het ek slegs aandag geskenk aan medewerkwoorde wat in sinne met oorganklike hoofwerkwoorde optree.

## BIBLIOGRAFIE

PONELIS, F.A. 1968. Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis. Pretoria: Van Schaik.